## ONS HISTORIESE GEDENKWAARDIGHEDE

In die Jaarverslag vir die jaar eindigende op 31 Maart 1964 van die *Kommissie tot behoud van Natuurlike en Historiese Gedenkwaardighede en Oudhede* word vermeld dat die volgende gedenkwaardighede gedurende die verslagjaar geproklameer is:

1. Nederduitse Gereformeerde Kerk, Somerset-Wes.
2. Ou St. George-kerk, Knysna.
3. St. Andrew-kerk, Plettenbergbaai.
4. Rynse Kerk, Stellenbosch.
5. Ou Kaapse staanklok, eiendom van prof. H. B. Thom, Stellenbosch.
6. Paarlberg, Paarl.
7. Hospitaalkapel, Kimberley.
8. Eggogrotte, Lydenburg.
9. Vyfboogbrug, Waterval-Onder.

Met hierdie jongste toevoeging kom die aantal geproklameerde gedenkwaardighede in die Republiek van Suid-Afrika op 211 te staan.

Bronsgedenkplate met geskikte opskrifte met die doel om die publiek in te lig en om belangstelling in die behoud van sulke plekke aan te wakker, is gedurende die verslagjaar soos volg aangebring:

1. *Morokashoek, Thaba'Nchu*

Weens sy ligging ten opsigte van die oostelike Kaapkolonie en die goedgesindheid van Moroka, Barolongkaptein, en James Archbell, Wesleyaanse sendeling, het Thaba'nchu of Blesberg die algemene bymekaarkomplek van die Voortrekkers geword. Op hierdie terrein en in die omgewing het vanaf 1836 die trekke van A. H. Potgieter, Gert Maritz, Piet Uys, Karel Landman en andere gestaan. Hier is op 2 Desember 1836 die eerste Voortrekkerbestuur verkies.

2. *Gimnasiumskool, Paarl*

Die Gimnasium is as 'n private sekondêre skool met Nederlands as voertaal deur ds. G. W. A. van der Lingen, predikant van die Paarlse Nederduitse Gereformeerde Kerk, gestig en is op 12 Januarie 1858 geopen. Die skool het 'n belangrike rol gespeel in die stryd om die behoud van Hollands en ook in die Afrikaanse taalbeweging. Arnoldus Pannevis wat die beweging op tou gesit het, was 'n onderwyser aan die Gimnasium en Stephanus Jacobus du Toit, later die leier van die Beweging, was een van sy leerlinge.

3. *Kruithuis, Stellenbosch*

Die Kruithuis en die muur daarom is in 1776-1777 gebou om te dien as 'n plek waar wapens en ammunisie opgeberg kon word. Die

kontrakteurs was Philip Hartog en Lambert Fick, en die messelaar was Michael Rambusch.

4. *Cuylerville-Kerk, distrik Bathurst*

Die eerste geselskap Britse Setlaars onder Luitenant John Bailie, R.N., is onder leiding van kolonel Jacob Cuyler, landdros van Uitenhage, op 30 April 1820 in hierdie omgewing gevestig. Teen 1825 het hulle reeds hierdie gebou vir 'n kerk en skool aangelê. Dit is in 1831 en 1839 herbou. Gedurende die oorloë van 1846-1847 en 1850-1853 is dit heldhaftig teen herhaaldelike aanvalle verdedig.

5. *Staats Model School, Pretoria*

Op 20 Januarie 1897 is die Staats Model School en Normaalkollege van die Suid-Afrikaanse Republiek deur die Superintendent van Onderwys, professor dr. N. Mansvelt, geopen. Mnr. Schalk W. Burger, lid van die Uitvoerende Raad van die Republiek het die regering verteenwoordig. Mnr. F. W. Wagner was die eerste skoolhoof. Gedurende die Anglo-Boere-oorlog in 1899-1902 is die skool gebruik as 'n gevangenis vir Britse offisiere, en op 13 Desember 1899 het Winston S. Churchill, toe 'n oorlogs-korrespondent, uit hierdie skool ontsnap.

6. *Z.A.S.M.-tonnel, Waterval-Boven*

Hierdie spoorwegtonnel in die Elandsrivierberge is deur die ingenieurs Bouten en Sissingh van die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-maatschappy gemeet. C. van der Made was Chef van Weg en Werke en E. Warren en Wm. Royce was die aannemers. Op 18 Oktober 1892 is van beide kante met die boring begin en op 9 September 1893 was die berg deurboor. Die tonnel is 233 jaart lank en die enigste tandratspoor in ons land het hier deurgeloop. Die tandratspoor is in 1908 afgeskaf en die tonnel gesluit.

7. *Piet Retiefmonument, distrik Babanango*

'n Bykomende granietsteen is op die Piet Retiefmonument geplaas ter nagedagtenis van die nie-blanke agterryers wat saam met Piet Retief se geselskap die lewe ingeskiet het.

8. Met die hulp van die Kommissie is 'n baken wat per abuis naby Bathurst opgerig is om Dick King se Roete op sy historiese rit na Grahamstad aan te dui, na die regte plek by Trompettersdrif, in die distrik Albany verwyder.

Uit die verslag blyk verder dat die Kommissie 'n groot aantal gedenkwaardighede en geskiedkundige plekke met die oog op proklamering, onder die aandag gehad het. In die verslag word slegs van die volgende plekke melding gemaak om daarmee 'n aanduiding te gee van die aard en omvang van die Kommissie se werk:

1. *Leeuwenhof, Kaapstad*: Leeuwenhof, nou die amptelike woning van die Administrateur van die Kaapprovinsie, is een van die mooi ou huise wat onder teen die hellings van Tafelberg gestaan het. Dit was die eiendom van die welgestelde burger Willem Heems en in 1700 was dit die woning van die fiskaal Blesius. Sy Edele die Administrateur en die Uitvoerende Raad het ingestem met die proklamering daarvan tot 'n gedenkwaardigheid en 'n aanbeveling dienooreenkomstig sal ingedien word wanneer die eiendom opgemeet en omskryf is.

2. *Die Maleierbuur, Kaapstad*: Die Kommissie het lank reeds daadwerklik belang gestel in die behoud van hierdie geskiedkundige en skilderagtige deel van Kaapstad. Deur die medewerking van die Kommissie met ander liggame is een blok huis gerestoureer. Die gebied is ingevolge die Wet op Groepsgebied tot 'n woonbuurt vir Maleiers verklaar en daar word nou tussen die Kommissie, die Stadsraad en die Departement van Behuising onderhandel oor die restourasie van nog 'n gebied. Huise wat so agteruit gegaan het dat hulle onherstelbaar is, is in die deel van die gebied wat nou in behandeling is, gesloop en die Kommissie wil graag sien dat enige nuwe geboue wat daarop opgerig word, ooreenstem met die oorspronklike huise in die gebied.

3. *Rynse Kerk en Preekstoel, Stellenbosch*: Hierdie kerk wat op die historiese Braak uitkyk, is in 1823 deur die „Stellenbosche Zendelings Genootschap" as 'n sendingkerk gebou en was geruime tyd lank die eiendom van die Rynse Sendinggenootskap. In September 1963 is dit tot 'n gedenkwaardigheid geproklameer, nie net weens sy historiese en intrinsieke waarde nie, maar ook omdat dit 'n belangrike element is in die voorkoms van die Braak, nog 'n geproklameerde gedenkwaardigheid. Die preekstoel en lessenaar is reeds in 1948 geproklameer. Hulle is in 1853 deur Simon Pieter Christoffel Londt vir die Moederkerk van Stellenbosch gemaak en in 1863 aan die Rynse Kerk geskenk. Hierdie feite is op 'n silwerplaat op die preekstoel aangeteken.

4. *Rondebosch-fontein*: Hierdie fontein, eintlik 'n drinkbak vir perde, is 'n bekende landmerk in Rondebosch. Dit is op 26 September 1891 aan die stad Kaapstad geskenk deur G. Pigot Moodie van Westbrooke wat 'n belangrike rol in die opmeting van die spoorweg van Pretoria na Lourenco Marques en in die ontwikkeling van die goudmynbedryf op Barberton, gespeel het; hy was van 1881 tot 1884 Landmeter-generaal van Transvaal. Die proklamering van hierdie fontein tot 'n gedenkwaardigheid word binnekort verwag.

5. *Ou Kaapse Huisklok van die Grootvadertipe, Stellenbosch*: Hierdie unieke staanklok is in ongeveer 1769 in die Kaap gemaak deur Johan Michiel Junck, 'n vryburger, wie se naam op die silwerwyserplaat gegraveer is. Die kas is van geelhout, stinkhout en ebbehout. Onder die wyserplaat is 'n seetoneel met 'n seilskip wat deur die slinger in beweging gebring

word. Die klok is ongeveer 10 voet hoog vanaf sy swaar ebbehout-voetstuk met gesnede pote tot by die figure van Atlas en gerubyne bo-aan. Dit is die eiendom van professor H. B. Thom, Rektor van die Universiteit van Stellenbosch, met wie se vriendelike toestemming dit in Augustus 1963 tot 'n antieke voorwerp geproklameer is.

6. *Ou Nectar, Stellenbosch*: Die „vrye nie-Blankes" Marquart en Jan van Ceylon was die eerste persone wat hulle in 1685 op hierdie plaas gevestig het. Die huis word soms aan Thibault toegeskryf en is deur De Bosdari beskryf as „miskien die beste voorbeeld aan die Kaap van die laatneoklassieke gewel op 'n klein fasade". Die hoofgewel is in 1815 gebou. Alhoewel die moontlikheid bestaan dat 'n dam in die Jonkershoekvallei gebou sal word met die gevolg dat hierdie pragtige huis onder water gestoot sal word, het die Kommissie gevoel dat die huis ten volle verdien om tot 'n gedenkwaardigheid geproklameer te word en laat dit nou vir hierdie doel opmeet.

7. *Die Ou Drosdy, Swellendam*: Hierdie geskiedkundige gebou is in 1938 geproklameer en is een van die uitsonderlike historiese museums in Suid-Afrika. Gedurende hierdie jaar was die Kommissie behulpsaam met die verkryging van deskundige tegniese advies oor maatreëls om die gebou teen die gevaar van weerlig te beskerm sonder om sy voorkoms te skend. Dit is verblydend om te kan meld dat die museum onlangs as 'n provinsiale instelling aanvaar is en finansiële steun van die Kaapse Provinsiale Administrasie sal ontvang.

Hierdie gebeurtenis is op 20 September 1963 op 'n oorhandigingsplegtigheid gevier waarop die Kommissie verteenwoordig was.

8. *Mooimeisjesfontein, Riebeeck-Oos*: Piet Retief se huis op Mooimeisjesfontein waarvan daar in ons vorige jaarverslag melding gemaak is, het verdere aandag geniet. Op 'n vergadering van verteenwoordigers van al die belanghebbende partye op 8 April 1963 op Mooimeisjesfontein gehou, is 'n aantal aanbevelings geformuleer waarvan die belangrikste die volgende is:

(a) dat 20 morg grond, met inbegrip van die huis en Piet Retief se tuin, verdeel word en dat die Staat die eiendomsreg op die huis en tuin moet behou;

(b) dat die Regering die huis moet restoureer ooreenkomstig gespesifiseerde aanbevelings van die Kommissie, en fondse moet verskaf vir die restourasie van die tuin;

(c) dat die res van die eiendom oorgedra word aan die Sinodale Kommissie vir Diens van Barmhartigheid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (S.K.D.B.);

(d) dat die gedeelte waarop die historiese huis en tuin geleë is in die bewaring van die Stigting Simon van der Stel geplaas word wat die S.K.D.B. 'n geleentheid sal gee om hierdie gedeelte na die restourasie van die huis te huur.

Daar word vertrou dat hierdie aanbevelings aangeneem en in die nabye toekoms uitgevoer sal word.

9. *A. G. Bain, Ecca Heights, distrik Albany*: Andrew Geddes Bain het roem verwerf as 'n baanbreker op die gebied van padbou en geologie. Hy was Superintendent van Militêre Paaie in 1837 tot 1845 toe hy Padinspekteur onder die Sentrale Padraad geword het, 'n betrekking wat hy tot sy dood op 20 Oktober 1864 beklee het. Hy het 'n aantal van die bekendste paaie in die Kaapprovinsie gebou waaronder Mitchellspas, Bainskloof en die Katbergpas. Hy het die Queensweg na Fort Beaufort oor die Eccapas en die pad deur Pluto's Vale in 1837-45 gebou en gedurende die tyd het hy op Ecca gewoon. Hier het hy in geologie begin belangstel. Sy studies van die stratigrafie van die Karoosisteem en sy ontdekking van fossielreptiele in hierdie strata was belangrike bydraes tot die geologiese wetenskap en het hom die titel „die vader van die Suid-Afrikaanse geologie" besorg.

Die Kommissie het besluit om 'n bronsgedenkplaat langs die pad naby die plek van sy huis op Ecca Heights op te rig en vertrou dat dit op 20 Oktober 1964, 'n honderd jaar na sy dood, onthul sal word.

10. *Dingaanskraal, Piet Retiefmonument en Moordkoppie, Babanango*: Dingaanskraal en die Piet Retiefgraf en -monument is die eiendom van die Kommissie en is reeds baie jare gelede geproklameer. Die koppie langs die graf en die monument, waar Piet Retief en sy geselskap om die lewe gebring is, is aan die Kommissie geskenk, maar die oordrag van hierdie grond is ongelukkig weens regsmoeilikhede vertraag. Die saak geniet voortdurend aandag. Die byvoeging van 'n steen ter nagedagtenis van die agterryers van Retief se geselskap wat saam met die Voortrekkers die lewe ingeskiet het, word elders in hierdie verslag gemeld. 'n Aantreklike geïllustreerde brosjure is gedruk en is op die terrein beskikbaar.

11. *Die Fort, Johannesburg*: Die Johannesburgse fort is deur die Suid-Afrikaanse Republiek gebou om die verdedigingsmiddele van die stad te versterk na die Jameson-inval van 1896. Dit bestaan uit 'n massiewe grondstruktuur in die vorm van 'n vierkant met talryke vertrekke en gange en omsluit verskeie geboue wat selfs ouer is as die fort self. 'n Opvallende kenmerk is 'n treffende en besonder goed behoue wapen van die Republiek bokant die hoofingang aan die binnekant. Die fort word deur die Regering as 'n gevangenis gebruik, maar behoort aan die Stadsraad van Johannesburg aan wie dit weer moet oorgaan wanneer dit nie meer vir die doel nodig is nie. 'n Besluit van die Kommissie van 'n tyd gelede om die fort te laat proklameer, is agterweë gehou hangende sekere onderhandelings en daar is nou besluit om dit uit te voer. Aan 'n landmeter is die taak opgedra om 'n geskikte gebied vir proklamering te omskryf en 'n aanbeveling sal binnekort aan die Minister voorgelê word.

12. *Kerkplein, Pretoria*: Reeds in 1961 het die Kommissie aanbeveel dat Kerkplein tot 'n gedenkwaardigheid geproklameer behoort te word. Hierdie saak is vertraag as gevolg van voorstelle deur 'n groep Pretoriase argitekte wat verreikende veranderings aan die aanleg van die Plein in die vooruitsig gestel het. Na heelwat geredekawel onder die publiek het die Stadsraad hierdie voorstelle verwerp en ingestem met die proklamering daarvan. Gevolglik is die Minister nou versoek om uitvoering te gee aan die Kommissie se aanbevelings.

13. *Die Fontein, Bloemfontein*: In 1822 het Johan Nicolaas Brits, 'n trekboer, hom by 'n fontein omring met veldblomme, gevestig en sy plaas Bloemfontein genoem. In 1846 het majoor Henry Douglas Warden, die Britse Resident in die Oranjerivierkolonie, die plaas gekoop en 'n Residensie opgerig wat mettertyd gelei het tot die stad wat sy naam aan die plaas ontleen. Die fontein is in 'n mooi vallei wat die Stadsraad in 'n tuin omgeskep het. Op versoek van die Raad het die Kommissie 'n bronsplaat met 'n geskikte opskrif daarop verskaf wat op die plek van die fontein aangebring moet word.